

HOÛRSKOOL PRESIDENT STEYN FIGHT NIGHT

JP ‘op sy eisdj’ in die kryt toe Ollie sê hokaai

Robyn Schutte

“Nou kyk ons wie is volgendede.”

So het JP Smith (36), oud-rugbyspeler en ster van die kykNET-reeks *Op my eish!*, Woensdagaand gesê toe hy reeds sy oog op ‘n volgende teenstander gehad het nadat hy die voormalige Springbok-stut Ollie le Roux (53) op die Hoërskool President Steyn Fight Night buite Bloemfontein oorheers het.

Le Roux is reeds in die eerste ronde platgeslaan, waarna die toeskouers “Ollie! Ollie!” geskree het en hy weer opgebêur het.

Smith het egter die oorhand behou en Le Roux se span het binne die eerste 30 sekondes van die tweede ronde die handdoek ingegooi.

Smith het ná afloop van die geveg aan *Die Burger* gesê hy het in geen stadium geweet wat om te verwag nie. Hy was nietemin tevrede met die uitslag.

“Nou kyk ons wie is volgendede,” het hy oor die mikrofoon aan die paar honderd toeskouers gesê.

Maar nie een van die manne was lus om met hom appels te swaai nie.

“Ek is maar bly daardie ou kom nie van Bloem af nie. *Imagine* jy moet teen daai ou *fight*,” het ‘n jong man aan sy vriend gesê.

Hulle het saamgestem – hul le gaan nie maklik baklei as Smith in die omtrek is nie.

Smith is ‘n reus van 136 kg, met die spiere wat oor sy skouers en bors span. Dit het gelyk of hy swaargewigbokkers sou kon laat huil met sy houe.

Voor die geveg het Smith be-



Die voormalige Springbok-stut Ollie le Roux en die oudrugbyspeler JP Smith tydens die Hoërskool President Steyn Fight Night buite Bloemfontein. Le Roux het reeds in die eerste ronde grond toe gegaan.

Foto: MLUNGISI LOUW



Le Roux nadat hy Woensdagaand behoorlik onder die houe van JP Smith deurgeloop het. Sy span het hom oorreed om kort ná die aanvang van die tweede ronde handdoek in te gooi.

klemtoon dat boks heelwat moeiliker as rugby is.

Le Roux (wat tans die skaal op 118 kg laat kreun) sê hy het

dit geniet om vir die geveg voor te berei en is sowat 13 kg lichter as in sy professionele rugbyloopbaan.

Le Roux het twee vorige oorrinnings in Fight Nights behaal en het verlede jaar sy Springbok-spanmaat James Dalton geklop.

Maar die veel jonger Smith, wat soos ‘n professionele bokser in die kryt beweeg het, was te veel vir die flambojante oud-Springbok. Smith het Le Roux met linker- en regterhoue gepeper. Baie van dié houe het getref en duidelik seergemaak.

Een van die houe in sy eerste sarsie wat op Le Roux gereën het, het die oud-Bok op die ken getref en hy het soos

‘n os wat geskiet is, die planke getref.

Hy het ‘n paar keer harpui geruik voordat sy span die handdoek in die kryt gegooi het.

Le Roux wou steeds voortveg, maar sy span het vasgeskop: Die geveg is verby.

Twee pare van Smith se bokshandskoene is ná die geveg vir R10 000 opgeveil ten bate van die Hoërskool President Steyn se jaarlikse geldinsamelingsprojek. Een van die pare is dié waarmee hy Le Roux platgeslaan het.

Die aand se eerste geveg was tussen Adrian (The Saffinator) Saffy, ‘n prokureur van Bloemfontein, en Corrie (Dark Horse) Breytenbach. Saffy het met ‘n uitklophou gewen.

Die 17-jarige Reinhardt (Babyface) Buys, ‘n leerling aan die Hoërskool Jim Fouché in die stad, het ook ‘n oorwinning behaal toe hy die 26-jarige Herbert (The Snake) Matsveru geklop het.

“Dis ‘n fantastiese gevoel,” het Buys aan *Die Burger* gesê.

Hy sê alle eer vir sy oorwinning gaan aan die Here.

Buys het verlede jaar opslae gemaak toe hy die veel ouer bokser Savva Kambanis uitgeslaan het. Ná dié geveg het hy op sy knieë gegaan en gebid dat Kambanis oukei sou wees.

Onder die bekendes wat die aand bygewoon het, was Brian Mitchell, voormalige Suid-Afrikaanse bokser wat in 1986 die Wêreldboksvereniging se superveregewigtlig verower en dit 12 keer vertedig het.

Mitchell het die aand as fantasties beskryf, veral omdat dit vir ‘n goeie doel was. Hy was ook beïndruk met die boks wat hy gesien het en die aftrek wat dit geniet.



Shaun (Tjoppies) Scheepers (21), swaargewigkampioen van Punisher Slap Fight, het Keagan Marx Woensdagaand plat geklap op die Hoërskool President Steyn Fight Night buite Bloemfontein.

Foto's: MLUNGISI LOUW

Plat klappe en harde houe laat ore sing ten bate van Bloem-skool

Robyn Schutte

Hoe berei ‘n mens voor vir ‘n sport waarin jy jou teenstander met ‘n oop hand deur die gesig moet klap en self die houe moet trotseer?

“Jy kry ‘n paar mense wat bereid is om jou te klap, maar wat jy ook kan terugklap,” het George Mew ná sy oorwinning Woensdagaand aan *Die Burger* gesê.

Mew se geveg teen Travis MacGregor op die Hoërskool President Steyn Fight Night buite Bloemfontein het ‘n onverwagse wending geneem toe MacGregor sy gewrig bekeer het en hy hom aan die geveg moes onttrek.

Die 50-jarige Mew is as wenner aangewys, waarna die skare hom toegejuig het.

Vir Mew was die oorwinning die hoogtepunt van die aand waarin hy moes wys dat ervaring en voorbereiding net so belangrik soos krag is.

In “*slap fighting*” (klappegevegte) kry deelnemers nie die geleentheid om hul teenstander se houe te vermy nie. Hulle moet gereed wees om die impak te absorbeer en daarna self ‘n hou uit te deel.

Volgens Mew verg die sport meer as net fisieke krag. Deelnemers moet hul geestelik voorberei op die oomblik wanneer die hou kom, terwyl hulle ook kalm genoeg moet bly om hul eie klap akkuraat uit te voer.

Slap fighting is ‘n gevegsport waarin twee deelnemers oorkant mekaar staan en mekaar om die beurt met ‘n oop hand deur die gesig klap. Anders as in boks, waar die bokkers hul vuiste gebruik en houe probeer ontwijk, moet deelnemers aan slap fighting die houe vat wanneer dit hul beurt is om geklap te word.

Die sport het die laaste tyd aandag getrek omdat dit eenvoudig lyk, maar in werklikheid groot fisieke en emosionele uithouvermoë vereis. ‘n Enkele goedgeplaaste hou kan ‘n



George Mew plant ‘n plathand op Travis MacGregor se wang.

geveg beëindig, terwyl deelnemers ook voortdurend bewus moet wees van hul houding, balans en veiligheid.

MacGregor se onttrekking aan die kompetisie was nie die enigste drama van die aand nie. Shaun (Tjoppies) Scheepers (21), swaargewigkampioen van Punisher Slap Fight (PSF), het sy teenstander, Keagan Marx, byna plat geklap.

Scheepers het ná sy oorwinning aan *Die Burger* gesê die sport kom vir hom natuurlik. “Om te *slap fight* is soos om pap te eet. Dis net iets wat ‘n mens kan doen.”

Sy selfvertroue en aggressiewe styl het hom gehelp om beheer oor die geveg te neem. Die oorwinning het ook sy status as een van die voorste deelnemers op die plaaslike *slap-fight*-toneel herbevestig.

Die gevegte was deel van Fight Night, wat Woensdagaand ten bate van die Hoërskool President Steyn se jaarlikse geldinsamelingsprojek buite Bloemfontein aangebied is.

Die geleentheid het sport en geldinsameling gekombineer en ‘n groot skare gelok. Vir die deelnemers was dit ‘n kans om hul vaardighede te toets, terwyl die skool en sy ondersteuners voordeel getrek het uit die geld wat deur die jaarlikse projek ingesamel is.

Ultra-atleet pak 72 km vir kritiek bedreigde pikkewyne

Eerste helfte

- Die roete begin om 06:00 by Grotto-strand in Hermanus.
- Van daar af hardloop hy langs die stiller systraatjies van Hermanus voordat hy Rotaryweg aandurf en oor die berg hardloop.
- Daarna daal hy deur Fernkloof in die rigting van Voëlklipstrand.



Tweede helfte

- Die tweede helfte van die roete volg die R43 in die rigting van Stanford.
- Hy hardloop dan verder deur De Kelders en Gansbaai.
- Die roete eindig by die Afrika-pikkewyn- en seevoëlreservaat in Kleinbaai.



Jackie Kruger

‘n Langasem-atleet pak mōre ‘n wedloop van 72 km aan van die Grotto-strand in Hermanus tot by die African Penguin & Seabird Sanctuary (APSS) in Kleinbaai vir die bewaring van en bewusmaking oor brilpikkewyne, ‘n kritiek bedreigde spesie.

Die wedloop is deel van Project Penguin, ‘n geldinsameling- en bewusmakingsveldtog wat die atleet Nicholas Burger vroeër vanjaar van stapel gestuur het ter ondersteuning van die Dyereiland-bewaringstrust. Skarefinansiering word onder meer daarvoor ingespan.

Volgens Burger het hy die uitdaging aangepak omdat hy mense bewus wil maak van hoe erg bedreig brilpikkewyne is en dat hulle kan uitsterf. Hy het besluit om sy liefde vir hardloop te gebruik om die pikkewyne te help en só het Project Penguin begin.

“As ‘n doodgewone ultra-atleet het ek besef dat ek my passie vir langafstandhardloop en my uithouvermoë kan gebruik om iets groter te ondersteun.”

Die brilpikkewyn is ‘n kritiek bedreigde spesie nadat die Internasionale Unie vir die Bewaring van die Natuur (IUCN) in 2024 sy

rooi lys van bedreigde spesies aangepas het van bedreig.

Die geld wat ingesamel word, sal die trust se bewaringswerk ondersteun. Dit sluit die red en rehabilitasie van seevoëls, wenskaplike navorsing en monitering, die beskerming van mariene ekosistels en opvoeding oor die omgewing in.

Die trust is in 2006 gestig en in die Dyereiland-gebied werksaam.

Sy werk sluit in die monitering van mariene spesies en ekosistels, reaksie op mariene diere wat gestrand raak, ondersteuning van nagraadse navorsing en die aanbieding van opvoedkundige programme wat jong mense met die mariene omgewing verbind. Die trust het ook



Nicholas Burger Foto: BACKABUDDY

in die afgelope 20 jaar bygedra tot meer as 40 wenskaplike publikasies, wat gehelp het om mense se begrip van haale, walvisse, seevoëls, robbe en mariene ekosistels te bevorder, en die wetenskap toeganklik te maak deur openbare betrokkenheid en opvoeding.

Volgens die trust vorm die APSS, wat in 2015 oopgemaak het, die kern van sy bewaringswerk vir seevoëls en bied dit toegewyde geriewe vir die redding, rehabilitasie en vrylating van beseerde en kwesbare brilpikkewyne en ander seevoëls.

Burger begin mōre om 06:00. Die tweede helfte van die roete volg die R43 na Stanford en loop deur De Kelders en Gansbaai tot by die APSS in Kleinbaai.



Die Mandrax-tablette van sowat R5,5 miljoen wat in ‘n stoorkamer in Grassy Park gekry is. Foto: VERSKAF

Vrou gearresteer oor R5,5 m. se dwelms

‘n Vrou is in hegtenis geneem nadat ‘n groot hoeveelheid Mandrax-tablette van R5,5 miljoen in ‘n stoorkamer in Grassy Park gekry is.

Lede van die nasionale ingrypingseenheid (NIU) en misdaadintelligensie het gister omstreeks 01:40 ‘n operasie in Agtste Laan uitgevoer nadat hulle inligting oor moontlike dwelmhandel ontvang het.

Die polisie het 69 sakke met 1 000 Mandrax-tablette in elk gevind.

Die 58-jarige vrou word by die Grassy Park-polisiekantoor aangehou op aanklag van dwelmbesit. Sy sal na verwagting vandag in die landdroshof in Wynberg verskyn.

OVERKLOOF
IMPROVEMENT DISTRICT

Kennisgewing van algemene jaarvergadering

Die Overkloof Community Improvement District NPC (OCID) gaan ‘n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na ‘n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2027/2028.

Datum: 12 November 2026
Tyd: 17h30
Plek: Clay Café, Hoof Street, Houtbaai

Net bona fide-lede van die OCID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die OCID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 03 November 2026 (geregistreer wees).

Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na www.overkloofra.co.za of bel 082 822 2210.

Zwaanswyk Association of Property Owners (ZAPO)

KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

Die ZAPO NPC gaan ‘n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na ‘n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2027/2028.

Datum: 10 November 2026
Tyd: 19h00
Plek: The Range, Tokai

Net bona fide-lede van ZAPO kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die ZAPO se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 30 Oktober 2026 geregistreer wees.

Om as lid te registreer of vir meer inligting en dokumentasie, besoek www.zaapo.co.za of e-pos info@zaapo.co.za

Strauss & Co

Detail, Roy Lichtenstein, Portrait, from the Brushstroke Figures series; R 350 000 - 450000

AANDVEILING:
Internasionale Aanbieding

REGSTREEKSE VIRTUELE VEILING
Dinsdag, 20 Oktober 2026 | 7 nm

Besigtig alle veilings www.straussart.co.za